



## VOORWOORD

*Dit was voorwaar 'n voorreg om vir die afgelope jaar betrokke te wees by hierdie projek van Badisa, waar kinders veilige tydelike versorging kan geniet. Hier kry kinders die geleentheid om tot volle potensiaal te ontwikkel, 'n voorreg wat hulle nie anders sou gehad het nie.*

*Ons kon danksy meelewende en deernisvolle donateurs ons fasiliteite en speelterrein opknop sodat ons vir meer as 150 kinders 'n tuiste weg van die huis kon wees. Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om die geboue en terrein so netjies te maak.*

*Dit is welliswaar spanwerk wat die sukses bewerk en hiervoor is ons aan elke lid van die Beheerraad, aan die bekwame personeel en deskundiges wat ons bystaan, ons innige dank verskuldig. Sielkundiges, maatskaplike werkers, terapeute, medici en geestelike versorgers verseker dat kinders toegerus word vir die toekoms. Ons bewonder die bydrae van die huismoeders wat afsonderlike funksionele huiseenhede bedryf met tot 15 kinders van verskillende ouderdomme – baie dankie aan dié ma's!*

*Ons staan telkens verstom oor die welwillendheid van vriendelike mense en instansies wat met volgehoue bydraes dit vir ons moontlik maak om voedsame maaltye en heerlike lekkernye vanuit 'n sentrale kombuis te voorsien. Ons dank die Here vir sy seën op ons pogings en die voorreg om die kinders aan die Groot Vriend van kinders voor te stel.*

*Ons wens die personeel krag, insig en wysheid toe vir die nuwe jaar en mag julle die nabyheid van die Here, die liefde van ons Hemelse Vader en die leiding van die Heilige Gees voortdurend ervaar.*

**DJC Theart**

VOORSITTER: Beheerraad

# Hier leef ons voluit

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Straatadres: Blouvlieweg, Wellington, 7655  
Posadres: Posbus 129, Wellington, 7654  
Bestuurder: Regardo Scholtz

Geregistreeerde organisasie sonder winsoogmerk (NPO 011-891)  
Registered non-profit organisation (NPO 011-891)  
Openbare weldaadsorganisasie (930006348) Public benefit organisation



Telefoonnummer: 021 873 3834/ 5  
Selfoonnummer: 083 279 0832  
Faksnummer: 021 873 5265  
E-pos adres: info@andrewmurray.org.za  
NPO-registrasienommer: 011-891 NPO  
Registrasienommer: 15/5/11/2/2C3130 (Dept. MO)  
Geregistreeer om 'n Kinder- en  
Jeugsorgsentrum te bestuur en te  
bedryf wat geskik is vir die opname,  
behandeling, beskerming, versorging  
en opvoeding van kinders wat aan  
voldoen:  
die volgende kriteria

Geslag: Seuns en dogters  
Kerkverband: Interkerklik  
Taal: Afrikaans, Engels, Xhosa  
Minimum ouderdom by toelating: Geboorte  
Maksimum ouderdom by toelating: 18 jaar  
Maksimum ouderdom vir akkommodasie: 21 jaar  
Maksimum toelating: 150 kinders  
Tipe kinders: Verlate, verwaarloos, verweesd

## 2. GRONDSLAG

Die organisasie verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige en Sy beleid is gegrond op die Woord van God.

## 3. VISIE

Ons vorm en bou aan 'n toekoms vir jou

#### 4. MISSIE

Huis Andrew Murray is 'n NG Kerk/ VG Kerk instansie/ inrigting wat vanuit 'n Christelike lewensbeskouing die volledige en gesonde ontwikkeling van 150 wetsbestede kinders bevorder op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein d.m.v. die benutting van multi-dissiplinêre dienste. Dit word gedoen sodat individuele kinders in staat gestel kan word om sy/ haar plek as gebalanseerde volwassene en verantwoordelike landsburger vol te staan.

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag van al ons werksaamhede.

#### 5. LEDE VAN DIE BEHEERRAAD

NAAM	PORTEFEULJE	EPOS
DJC Theart	Voorsitter	danie@djctheart.com
J Hendricks	Ondervoorsitter	vgkwellingberggrivier@telkomsa.net
RC Broodryk	Finansies	riaan@fhbc.co.za
NH Marais	Terrein	erik@rodewellington.co.za
W Naudé	Vakkundig	naudew@hugenoteskool.co.za
MJ Scholtz	Personeel	gielies@xsinet.co.za
CS van der Merwe	Badisa	carinbadisa@telkomsa.net
R Scholtz	Bestuurder	regardo@andrewmurray.org.za
HS Spies	Bemarking	s.spies@mweb.co.za
A de Vries	Addisioneel	adamdevries3@gmail.com

#### 6. SKOLASTIESE INSKAKELING

Die kinders wat skoolpligtig is, woon verskeie openbare skole in die omgewing by. Meeste van die kinders wat nuut opgeneem word, het skoolpligtige agterstande. Hulle het nie gereeld skool bygewoon nie of het nie die nodige stimulerings en ondersteuning ontvang nie. Personeel verleen hulp en gee die nodige struktuur. Groot moeite word deur skole en individue gedoen om op 'n daaglikse basis aan kinders hulp en ondersteuning te bied. Die skole waarby die kinders inskakel is as volg:

SKOOL	DORP	TOTAAL
Sprokiesland Speelskool	Wellington	17
Dwergiebos Kleuterskool	Wellington	7
Goggagrot Kleuterskool	Wellington	3
Van Wyksvlei Primêr	Wellington	9
Hillcrest Primêr	Wellington	6
Hugenote Laerskool	Wellington	20
Hugo Rust Laerskool	Wellington	2

Newton Primêr	Wellington	6
Pauw Gedenk Primêr	Wellington	1
Wellington Primêr	Wellington	39
WA Joubert Laerskool	Paarl	1
Bergrivier Sekondêr	Wellington	8
Weltevrede Sekondêr	Wellington	6
Hugenote Hoërskool	Wellington	20
Wellington Sekondêr	Wellington	1
Ligstraal Skool	Paarl	3
De Grendel Skool	Milnerton	4
Tuisonderrig	Wellington Murray	3

## 7. SPROKIESLAND – VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAM

Sprokiesland volg 'n gestruktureerde jaarprogram wat bestaan uit weeklikse temas, naamlik my liggaam, sintuie, vorms, kleur, ons land, seisoene en vele meer, om sodoende die kind op 'n holistiese basis te ontwikkel. Die tema georiënteerde weekbeplannings beskik oor 'n variasie van aktiwiteite en uitstappies om die kinders bloot te stel aan 'n wye verskeidenheid van lewensvaardighede. Huidiglik skakel Arbeidsterapie studente deelyds in by die skool. Insette vanaf die Arbeidsterapie afdeling word ook geïmplementeer.

Die drie klasse, Groenklas (0-3 jaar), Geelklas (3-4 jaar) en Rooiklas (4-5 jaar) verteenwoordig die drie kleure van Huis Andrew Murray kinderhuis. Die Geel- en Rooiklas volg gesamentlike temas vir die jaar en sodoende gaan hul saam op uitstappies. Die Groenklas funksioneer volgens hul eie weekbeplanning en dagprogram wat op hul ontwikkelingsvlak gestruktureer is en word na alle uitstappies en aktiwiteite saamgeneem.

Die kinders van Sprokiesland vorder goed. Ons kry menige goeie terugvoering vanaf Graad R wat bewys dat die stimulasie vanaf jong ouderdom so belangrik is.

## 8. VERSORGINGSDIENSTE

By Huis Andrew Murray word daar in al ons kinders se fisiese, psigiese en geestelike behoeftes voorsien. Met stygende lewenskoste bly dit 'n uitdaging, maar te danke aan donasies wat baie keer op 'n kritiese tyd ontvang word, ly ons kinders geen gebrek nie.

Ons kinders skakel in by die Sondagskool en katechese van NG Moedergemeente. Deur gereelde huisgodsdienste, persoonlike gesprekke en samesang word ons Christelike waardes bevorder en gevestig.

Hierdie jaar het ook 'n paar sportuitblinkers opgelewer. Verskeie kinders is in hulle onderskeie skole se A-spanne vir verskillende sportsoorte opgeneem. Twee hoërskoolleerders van Hugenote Hoërskool is tot Provinsiale sportspanne verkies.

## 9. TERAPEUTIESE DIENS

Die volgende terapeutiese dienste word by Huis Andrew Murray aangebied:

- Gedragsmodifikasie – deurlopende assessering, doelgerigte selfgedissiplineerdheid en selfgeldende gedrag word gemodelleer en aangeleer
- Trauma berading/ begeleiding
- Kognitiewe gedragsterapie
- Speltherapie
- Narratiewe terapie
- Persoongesentreerde terapie
- Groepwerk (emosionele intelligensie, self geldende gedrag, verhoudinge, gesonde grense en ander relevante kwessies soos geïdentifiseer deur betrokke kinderversorgers en maatskaplike werkers)
- Arbeidsterapie
- Spraaktherapie
- Psigiatriese dienste

Hierdie programme fokus op die versterking van die kinders se emosionele ontwikkeling en welstand en verseker dat hulle die nodige insette en intervensies ontvang.

### ***Totale aantal kinders in Kinder- en Jeugsorgsentrum soos op 31 Maart 2016***

	Manlik	Vroulik	Totaal
Swart	1	1	2
Bruin	57	59	116
Wit	23	14	37
Totaal	81	74	155

### ***Ouderdomsverspreiding***

0 - 2	3 - 6	7 - 12	13 - 19
4	24	64	63

### ***Vernaamste redes vir plasing***

Die afgelope boekjaar is 19 nuwe kinders opgeneem. Die redes vir sorgbehoewendheid soos by die kinderhof voorgelê, was soos volg:

Ontoereikende ouerskapsvaardighede	2
Dwelmmisbruik – Primêre versorger	4
Alkoholmisbruik – Primêre versorger	3

Gedrag wat nie deur die ouers of versorgers beheer kan word nie	
Behuisings en finansiële nood	2
Mishandelde kinders	
Seksueel gemolesteerde kinders	
Verwaarloos, straatkind, verlate kind en weeskind	1
Mislukte pleegsorgplasing	7

### ***Kinders wat die Kinder- en Jeugsorgsentrum verlaat het***

Daar het 16 kinders die sentrum verlaat gedurende die boekjaar.

### ***Redes vir verlating is soos volg***

Hereniging met ouers of familie	2
Art. 171 oorplasing: Pleegsorgplasing	
Dros vir langer as 6 maande	
Tydelike veilige bewaring	1
Skoolverlaters	3
Pleegsorg	10

### ***Vakansie- en naweekplasing***

Huis Andrew Murray Kinder- en Jeugsorgsentrum bied 'n veilige hawe vir kinders so ver as Kaapstad, Atlantis, Moorreesburg en Van Rhynsdorp. Die vervoer van kinders het 'n groot finansiële impak op die program. Die kinders word van een uitnaweek per kwartaal voorsien asook die skoolvakansies. Die betrokke kinders word met die kinderhuis voertuie asook per trein vervoer na hul verskillende bestemmings. Ons poog waar moontlik, en indien ouers se omstandighede dit toelaat, om elke kind 'n geleentheid te bied om vir uitnaweke en vakansies "huistoe" te gaan. Van ons kinders is ook bevoorreg om vakansie ouers te hê wat uitsien om die kinders oor naweke en vakansies te ontvang.

Ons drywer vervoer oor meeste uitnaweke en vakansies die kinders na en vanaf Wellington, Paarl, Franschhoek, Stellenbosch, Somerset-Wes, Macassar en Strand.

Daar is gewoonlik 3 begeleiers op die trein wat ons kinders oor naweke en vakansies vanaf Wellington tot Kaapstad vergesel. Kinders wat nie uitgeplaas kan word vir vakansies of uitnaweke nie, word by programme betrek wat oor uitnaweke en vakansies deur die kinderversorgers of vrywilligers by die kinderhuis aangebied word.

### ***Gesinsherenigingsdienste***

Om gesinshereniging te laat geskied poog die maatskaplike werkers om gereeld gesinskferensies met die ouers, familie of vakansie ouers te reël sodat gesinsherenigingsdienste kan plaasvind. Die afgelope boekjaar is 43 gesinskferensies gehou by verskillende dienskantore.

### ***Groepwerk***

Tipe groepe	Aantal groepe	Aantal lede
Ontwikkelingsgroepe	14	63
Opvoedkundige groepe	3	78
Terapeutiese groepe	10	26

### ***Studente betrokkenheid***

By Huis Andrew Murray Kinder- en Jeugsorgsentrum fokus ons op verskeie aspekte van ontwikkeling. Oor die afgelope jaar het Huis Andrew Murray studente vanaf Hugenate Kollege ontvang ten einde hul behulpsaam te wees met praktiese ondervinding, vaardighede en opleiding. Talle plaaslike studente asook twee internasionale studente het hul kennis by Huis Andrew Murray Kinder-en Jeugsorgsentrum kom verbreed.

## 10. FINANSIËLE VERSLAG


Voortgesette dienslewering het die afgelope jaar plaasgevind ten spyte van stygende bedryfskoste.

Ouditeure vir die afgelope finansiële jaar was: TdP Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)  
Posbus 3737, Tygervallei, 7536  
Tel. No.: (021) 975 3737

OPSOMMENDE FINANSIËLE OORSIG		
	2016	2015
Totale Inkomste	7 651 336	6 234 076
Totale uitgawes	7 735 205	6 188 842
Bedryfsurplus (tekort) voor oordragte na reserwe fondse	(83 869)	45 234
Maandelikse eenheidskoste per kind	4 186	3 382
Maandelikse subsidie per kind: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling	2 650	2 650

Verspreiding van inkomste bronne:

Gemeentebydraes	<b>2%</b>
Individue	<b>3%</b>
Goedere in Natura	<b>16%</b>
Fondsinsameling	<b>8%</b>
Beleggingsinkomste	<b>3%</b>
Subsidie	<b>68%</b>





## 11. PERSONEEL

Die personeelsamestelling van Huis Andrew Murray was op 31 Maart 2016 soos volg:

POSBESKRYWING	AANTAL PERSONEELLEDE
Bestuurder	1
Programbestuurder	1
Professionele Kinder- en Jeugsorgwerker	1
Maatskaplike werkers	2
Maatskaplike Hulpwerker	1
Arbeidsterapeut (kontrakbasis)	1
Grondslagfase onderwyseres - Tuisonderrig	1
VKO Opvoeders – Sprokiesland	2
Klaskamer Assistent – Sprokiesland	1
Kinder- en Jeugsorgwerkers	14
Sekretaresse	1
Finansiële beampte	1
Skakelbeampte/ Bemarker	1
Drywer/ Terreinkoördineerder	1
Terrein Assistent	1
Huishoudster	1
Huishoudelike Assistent	9

## 12. VRYWILLIGERS

Verskeie vrywilligers was op 'n gereelde basis betrokke by Huis Andrew Murray. Onderwysstudente van CPUT het tydens studietyd diensbeurte gedoen terwyl Touching Hearts sorg vir die graad 4 tot 7 leerlinge se geestelike welsyn op 'n Woensdagmiddag.

Verskeie gemeentes het op vele maniere uitgereik na die onderskeie huise. Vrywilliger groepe het ook uitgereik in die vorm van pret en vermaak, fondsinsamelings, klere- en skoene insamelings, kampe aangebied, lekkergoedpakkies verskaf, uitstappies gereël en nog vele meer.

Entoesiastiese personeel en 'n groot vrywilligerskorps sorg dat HAM 'n toekoms vir ons kinders kan verseker.

### 13. U KAN OOK BETROKKE RAAK

**HUIS ANDREW MURRAY KJSS**  
*Sedert 1898*  
**Skep vir ons kinders 'n toekoms.**

**U adres** .....  
 .....  
 .....

**Bank:**           **ABSA**  
**Tak:**           **WELLINGTON**  
**Rek.No:**       **430 560 107**  
**Takkode:**      **334-510**

**E-pos** .....  
**Tel: H** ..... **Tel: W** .....  
**ID No** .....

**Ontvang my geskenk van**  
**R300 R200 R100 R** ..... (enige ander bedrag)

**Maak asb. u tjek uit aan: Huis Andrew Murray**  
**Huis Andrew Murray KJSS**  
**Blouvillestraat, WELLINGTON**  
**Tel: 021 873 3834 Faks: 021 873 5265**

*Indien u 'n direkte betaling maak, stuur asb. die inbetalingstrokie aan ons.*

### SKENKINGS AAN ONS IS BELASTINGAFTREKBAAR

DEBIET ORDER MAGTIGING	KREDIETKAARTMAGTIGING
Bank: ..... Tjekrekening <input type="checkbox"/> Tjekrekening <input type="checkbox"/> Spaarrekening <input type="checkbox"/> ..... Rekeningnomme <input type="checkbox"/> .....  <div style="border: 1px solid black; width: 100%; height: 20px; margin-bottom: 10px;"></div> Bankkode <input type="checkbox"/> .....                      Naam van Tak..... DEBIETORDE <input type="checkbox"/> ..... MAGTIGING Hiermee magtig ek Huis Andrew Murray KJSS om die bedrag van R..... elke maand uit my rekening te onttrek totdat ek dit skriftelik kanselleer. Ek versoek my bank om my rekening met die bogenoemde bedrag te debiteer. Naam:..... Adres: ..... Handtekening: ..... Datum: .....	Debiteer asseblief my Master/ Visa/ Diners Club kaart ten bedrae van R.....  <input type="checkbox"/> Eenmalig <input type="checkbox"/> Elke maand  Kaartnommer  <div style="border: 1px solid black; width: 100%; height: 20px; margin-bottom: 10px;"></div> Vervaldatum Laaste 3 syfers <input type="checkbox"/> ..... Datum: ..... <input type="checkbox"/> .....
Handtekening: ..... Datum: .....	Handtekening: ..... Datum: .....



MySchool MyVillage MyPlanet

# Supporter Card Application

Apply online [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za) OR e-mail [cs@myschool.co.za](mailto:cs@myschool.co.za) OR call 0860 100 445 OR complete this form and fax to 0866 822 833.

## Beneficiary Details: (You may choose to support up to 3 beneficiaries)



This request is for a: New Card  Replacement Card  Change Beneficiary  Link to Woolworths

If you are a current MySchool supporter, please provide your card number.

Your card no:

Beneficiary name	City / Region
1.	
2.	
3.	

Preallocated card  
STICKER HERE  
if applicable

## Your details:

Title:     Gender: Male  Female  Date of birth:

First Name:

Surname:

ID or Passport Number:\*

\*Your ID or Passport number is compulsory in order for us to process your application

Postal Address:                  
(For card delivery)  
                 
                **Postal Code:**

E-mail Address:

Telephone (H):                 **Cellphone:**

Telephone (W):                 **Language:** English  Afrikaans

## Children's Details (if applicable):

Child's name	Surname	Date of Birth (YYYY/MM/DD)
1.		
2.		
3.		

## Keep me informed:

1. MySchool MyVillage MyPlanet will send you a monthly e-mail statement reflecting your transactions and funds raised.

2. Permission for MySchool MyVillage MyPlanet to talk to you:

MySchool would like to keep you updated about new partners, competitions, exclusive promotions, announcements and other marketing information. You may opt out of this communication at any time.

I DO NOT WANT Email

I DO NOT WANT SMS

I DO NOT WANT Post

3. Permission for Woolworths to talk to you

Woolworths offers a tiered loyalty programme and preferential pricing exclusively for Woolworths and MySchool cardholders. The tiered benefits are sent via email and/or post. You may opt out of this communication at any time.

I DO NOT WANT Email\*\*

I DO NOT WANT SMS

I DO NOT WANT Post\*\*

I DO NOT WANT Telephone

\*\*Please note you will not receive loyalty benefits if selected

4. Permission to share your details

I DO NOT WANT to share my details with a third party

Your Signature \_\_\_\_\_ Date \_\_\_\_\_

Terms and Conditions apply. For full details about MySchool MyVillage MyPlanet card usage T&C's - visit [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za).